# Die Welgelegener

**CHRISTUS IS DIE HERE**

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou … Om so sy groot opdrag uit te leef.

Geroep Gewillig Gestuur AUGUSTUS 2025



**Augustus is Barmhartigheidsmaand** in die groter NG Kerk-familie en beslis ook in ons gemeente. **Wat gaan ons doen?** Ons samel nie-bederfbare voedsel en blikkieskos in. Ons is almal bekend met 'n koskrat vol lekkernye - of dit nou gepak is vir 'n seevakansie of dalk 'n kampvakansie. Hierdie jaar het ons 'n mikpunt om die koskratte vol te maak en 1 200 items in te samel. Die ingesamelde items sal geskenk word aan Voedingsaksie, ACVV, Nagskuiling, Safehouse, Jeuguitreik, Stellemploy, behoeftige studente aan die US, behoeftige inwoners in Molenhof Ouetehuis en die Eikiehartprojek by Laerskool Eikestad. **Wat kan jy bring?** Enige nie-bederfbare voedsel, bv droë pasta, sopmengsels, smere vir brood, koffie, tee en blikkieskos. Indien dit vir jou moeilik is om aankope te doen, is 'n inbetaling met verwysing "Barmhartigheid" ook welkom. Ons sal dan die aankope namens jou gaan doen (*sien bankbesonderhede op die agterblad).* In ons Desemberuitgawe sal ons breedvoerig terugvoering gee oor hoeveel items ingesamel is. Dankie aan almal wat reeds betrokke is!

## Dankbaarheidsmaand afgesluit met gesellige kuier




Baie dankie aan almal wat bydraes gemaak het vir ons Dankbaarheidsmaand. Ons is nederig dankbaar vir elkeen se betrokkenheid en gewilligheid om saam 'n verskil te maak. Die bedrag van R603 417 is ontvang.

Dankbaarheidsmaand is op Sondag 25 Mei, na afloop van ons Dankdiens, afgesluit met 'n heerlike kuier om die tafels en die vure.

Dankie aan almal wat gehelp het - die vrygewige snoekdonateur, die bekwame snoekbraaiers, die sopkokers, slaaimakers, die sjokoladekoek-baksters, elkeen wat gehelp het met die regskuif van die tafels (voor en na die tyd) en natuurlik die vlytige skottelgoedwassers en afdrogers. En dankie aan elkeen wat kom saamkuier het – dit was voorwaar 'n heerlike kuier met plek vir oud, jonk, groot en klein!














## Lentefees is om die draai

### met potjiekos en allerlei heerlikhede!

Ons het al vanjaar 'n Roosterkoekfees gehou, op Vrydae kerrie & rys, beefburgers, vetkoeke en 'n heerlike hoenderbraai-ete verkoop en nou kan ons uitsien na ons groot Lentefees met potjiekos en spitbraai op Saterdag 13 September.

Ons begin weer met die gebruiklike Lenteloop om 08:30 die oggend waarna verkope by die tafels open: koffie & koek, pannekoek, poeding, handwerk, wit olifante, jaffles, kerrie & rys, boereworsrolle, potjiekos, braaivleis, lekkergoed en koeldrank, speletjies vir die kinders, allerlei gebak en 'n propvol plaastafel met wors, groente, vrugte, blomme, heuning, olyfolie, neute, droëvrugte en konfyte. Bestudeer die meegaande pamflet met die lys van bestanddele en skenkings wat gevra word en kontak die konvenor van die tafel waar jy graag betrokke wil raak betyds sodat hulle ook hul beplanning vroegtydig kan doen.

Kom, raak betrokke, rol jou moue op en werk saam om weer 'n heerlike Lentefees hier by ons kerk te hou - vir oud en jonk! Nooi jou bure, vriende en familie en kom kuier saam!

## Nagskuilingkoepons by kerkkantoor

Dié koepons kos R10 elk en kan gegee word aan persone op straat wat dan by Nagskuiling kan oornag, 2 etes ontvang en kan stort. Die Bergzicht taxistaanplek het ook 'n voedingspunt waarna mense verwys kan word.




## Lesotho-uitreik 2025

Ons beplan om weer hierdie jaar van 3 tot 12 Oktober 'n uitreik na Lesotho te onderneem. Alle lidmate, oud en jonk, is welkom om saam te kom. Hoërskoolkinders kan sonder hul ouers reis, maar laerskoolkinders moet asb vergesel wees van een of beide ouers. Indien jy/julle wil saamkom, kontak vir Leon Cronje vir al die besonderhede by 071 686 9424.





## Roosterkoeklekkerte vir Nagskuiling

Baie dankie aan die lidmaat wat, net soos verlede jaar, 50 kaas-en-konfyt roosterkoeke by die Roosterkoekfees vir die inwoners van die Nagskuiling gekoop het. Op die foto is 'n baie dankbare Marianne, die kok by die Nagskuiling. Dieselfde lidmaat bestel gereeld ekstra etes met ons Vrydagmiddag-wegneemetes. So het 10 behoeftige inwoners van Molenhof Tehuis vir Bejaardes saamgesmul aan die kerrie en rys op Vrydag 20 Junie en die kinders van Jeuguitreik is op 16 Mei met kaas & konfyt vetkoeke bederf.

# *Donasies word uitgedeel*
## gedurende 'n koue Junie &Julie

Die koue en nat weer in die winter maak 'n mens opnuut bewus van die swaarkry van so baie mense rondom ons. Gedurende Junie en Julie het die B-Aksie heelwat behoeftes aangespreek en kon op vele plekke 'n verskil probeer maak:

* Liesel Koen van Voedingsaksie het aartappels, uie, wortels en sopbestanddele kom haal, asook wintersklere en komberse om by die voedingspunte uit te deel.
* B-Aksie lid José Kritzinger het grootmensdoeke, toiletpapier en skeermesse uit die B-Aksie se begroting aangekoop en afgelewer by Huis Ebenhaeser, asook 'n gehekelde kombers.
* By Molenhof Ouetehuis kon ons 'n paar bejaardes, wat afhanklik is van 'n SASSA-toelaag, help met basiese voedsel, skoonmaakmiddels en toiletware. 'n Gemeentelid het 10 bakkies kerrie en rys geborg, wat ons ook vir 10 inwoners by Molenhof gegee het.
* 'n Groot aantal strukture het op Saterdagaand 21 Junie in Kayamandi afgebrand, so ook die woonplek van die skoonmaker van die Cape Choral Academy. Ons kon haar help met komberse, warm klere en huisware. Wat sy nie self gebruik het nie, het sy na ander versprei wat ook deur die brand geraak is.
* By die Stellenbosch Hospice se Skoenlappersaal en by die kindersaal van Stellenbosch Hospitaal het ons gebreide teddiebere, truitjies, musse en bedsokkies, asook komberse, handdoeke en lakens afgegee.
* Net voordat 'n volgende kouefront die Weskaap sou tref, kon ons komberse, warm baadjies, kinderklere en gebreide musse afgee vir die 20 kinders wat in die Jeuguitreik tuisgaan.
* Dieselfde koue dag het ons ook 12 komberse, warm klere en baie sokkies afgegee by die Stellenbosch Nagskuiling.
* Vir die neonatale afdeling van Paarl Hospitaal kon ons 'n groot boks met babaklere, gebreide truitjies, mussies, babasokkies en kombersies skenk.
* Ons het ook nie van die behoeftige studente aan die Universiteit van Stellenbosch vergeet nie. Ons kon hulle bederf met lekker warm komberse.

Baie dankie aan almal wat bygedra het en steeds maandeliks bydra sodat ons kan help om iemand onbekend se koue winter meer draaglik te maak.


*Hospice*


*Jeuguitreik*


*Huis Ebenhaeser*


*Nagskuiling*

# Oulike beertjies vir o(u)like kindertjies!





*'n Gemeentelid het omtrent gewoeker en altesaam 26 kunstig-gebreide beertjies deur die loop van die winter kerkkantoor toe gebring! Hierdie beertjies het hul weg gevind na die kindersaal van Stellenbosch Hospitaal waar hulle die siek kindertjies help vertroos, asook 'n hartpasiëntjie by die Hospice. Op die foto is sr Danielle Muller, Ivy Christians en Jackie Hendricks met van die beertjies en twee kombersies wat ook aan die Hospice geskenk is.*




## Winand & Friends-konserte

Omkring dié datums en ondersteun Winand Grundling se Winand & Friends-konserte - nog net 3 oor vir die jaar! Op Sondag 31 Augustus span hy en sy broer saam, op Sondag 21 September sal André Terblanche jou *Sunday Blues* weg sing en op Donderdag 30 Oktober sal Niël Rademan jou Donderdagaand optower!

# Sonderbriekers se lekker Meimaand-kuier

Ons klub vir 65-plussers het op Donderdag 15 Mei 'n heerlike saamkuiergeleentheid gehad hier by die kerk. Die talentvolle Wilken Calitz het die Sonderbriekers in vervoering gehad met sy vernuftige kitaar- en vioolspel. Daarna is weggelê aan die soppe, broodjies met kaas en appelkoos-konfyt en soetwyn en daar is góéd gekuier om die tafels! Die middag is afgerond met koffie, tee en koeksisters. Die volgende kuier is 'n uitstappie op 19 September na die Darling Veldblommeskou - beslis iets om na uit te sien!













20 Mei 1952 - 15 Julie 2025

## Ons groet vir Leon Fouché

Leon Fouché, leraar van 1988 tot 2017 in ons gemeente nadat hy vanaf Knysna hierheen beroep is, is op 15 Julie ná 'n kanker-stryd oorlede. Leon en Saartjie het diep spore in ons gemeente getrap - hy word steeds met groot vreugde onthou deur talle lidmate en sy werk en opofferings word steeds diep waardeer.

Leon sal onthou word as 'n geliefde eggenoot, pa, oupa, broer, dominee, dosent, skrywer, atleet en in sy laaste paar jaar ook 'n moedige kankerslagoffer. Hy het met liefde en in waarheid geleef en laat 'n groot leemte.

Ons eer jou lewe en nagedagtenis, Leon, en mis alreeds jou opregte omgee en deernis.

## Ons spog graag met ons vlytige breiers se pragtige kunswerkies

Ons kry gedurig die pragtigste breiwerk vir klein babatjies en kleuters en ons spog graag daarmee! Breiers is welkom om wol by die kerkkantoor te kom haal, tuis te brei en só te help om kinders in ons gemeenskap te staal teen die winterkoue.




# Vrydagmiddag-wegneemetes ten bate van ons *Lentefeesfonds*



*Valencia hard aan die werk op Vrydag 20 Junie vir die kerrie & rys-verkope.*








## 34 kg deeg en 306 vetkoeke later!

Van 0 tot 306 in 120 minute... dit is hoe vinnig ons formidabele vetkoekspan op Vrydag 16 Mei gewerk het! En as daar meer deeg was om te ver-werk, sou dit ook verkoop het - die vraag was groot!

# Pannekoeksondag:
## *Pannekoektafel, hier kom ons!*

Die kinders het hul jaarlikse Pannekoeksondag op 8 Junie omtrént geniet en 'n heerlike afsluiting vir die kwartaal gehad! Ons het sommer 'n hele spannetjie pannekoekbakkers vir die Lentefees se Pannekoektafel opgelei! Die tieners het ook hulle beurt die aand gekry en 'n hele paar *flips* gedoen!






***Kyk uit vir die volgende uitgawe van Die Welgelegener (Desember 2025) wanneer dit saam met die almanak vir 2026 gereed sal wees om by die kerkkantoor te kom afhaal of by die ingang op Sondae te neem.***

## Pinksterreeks 2025: ons groei saam



*Baie dankie aan almal wat sop en broodjies geskenk het vir ons Pinksterbyeenkomste se saamkuier in die aande en ook die eetgoed vir die kuiers in die oggende. Dit was héérlik!!*




Vanjaar se Pinksterreeks het van 2 tot 5 Junie plaasgevind. Die tema was *Groei deur die Gees tot volwassenheid in Christus* en het goed aangesluit by ons jaartema, naamlik GROEI. Ons het geleer hoe om te groei deur die Woord, deur gebed, deur diensbaarheid en deur die regte lewenswyses te kweek. Die Pinksterreeks is op Sondag 8 Junie met sang en musiek in 'n feestelike Pinksterfeesdiens afgesluit.



*Rudiger van Huyssteen het gesorg dat dinge by ons Kinderpinksterbyeenkomste elke aand vlot verloop.*

## 2025 BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| **9 Augustus** | Vrouedag |
| **31 Augustus** | Nagmaal & Barmhartigheidsondag |
| **13 September** | Lentefees & Potjiekos |
| **19 September** | Sonderbriekers-uitstappie na Darling |
| **24 September** | Erfenisdag |
| **3 Oktober** | Lesotho-uitreik vertrek (tot 12 Okt) |
| **19 Oktober** | Matrieksondag |
| **24, 25 Okt** | Kinderkamp-oorslaap by die kerk |
| **26 Oktober** | Hervormingsfees & Nagmaal |
| **26 Oktober** | Bybelnagte |
| **16 November** | Gr 7-Sondag |
| **16 November** | Kategese afsluiting |
| **19 November** | Geloofsgroei afsluiting |
| **23 November** | Sondag van Christus die Koning |
| **26 November** | Kersprojekverpakking |
| **30 November** | Kerssangdiens |
| **30 November** | Gemeente-ete afsluiting |
| **1 Desember** | Kersete vir Nagskuiling |
| **10 Desember** | Skole sluit |
| **12 Desember** | Kerkkantoor sluit |
| **16 Desember** | Versoeningsdag |
| **25 Desember** | Kersdag |
| **26 Desember** | Welwillendheidsdag |

NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Buitekring 6, Dalsig, Stellenbosch, 7600
**Tel:** 021 886 5975
**E-pos:** skriba@stelwel.co.za
**Webwerf:** www.stelwel.co.za

**BANKBESONDERHEDE**
NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Nedbank Stellenbosch
Takkode: 198 765 / 149 821
Rekeningnommer: 149 804 6320
Verwysing: Naam & Van, Waarvoor
Snapscan-betalings ook welkom!

Snap here to pay